higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2

(10040052)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Sketse moet netjies wees
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: Geen berekeninge mag hier gebruik word nie.

1.1 Die waarheidstabel vir 'n logikakring word hier onder gegee.

X	Y	Z
0	0	0
0	1	1
1	0	1
1	1	1

1.1.1 Skryf die Boole-uitdrukking vir die uitset Z in terme van inset X en Y neer. (2)

1.1.2 Skets die IEC vir die Boole-uitdrukking $\overline{A.B}$ (4)

1.2 Teken die ruwe hekbaandiagram vir die volgende Boole-uitdrukking.

$\overline{X} + XYZ$ (6)

1.3 Skryf die binêre getal vir die heksadesimale getal $C_{16.}$ (2)

1.4 Skryf die binêre getal vir die desimale getal $27_{10.}$ (2)

[16]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Rekenaarvirus is 'n stel instruksies wat in 'n lêer op 'n disket geberg word.

2.2 'n Modem is 'n blad wat in PowerPoint geskep is.

2.3 Hardeware sê aan die rekenaarsagteware wat om te doen.

2.4 Netwerklaag handhaaf beheer en vloei van data en kontroleer foute en pakketvolgorde.

2.5 Webdokumente word in HTML geskryf.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 Noem VYF basiese elemente van 'n inligtingstelsel. (5)

3.2 Gee TWEE voordele van 'n digitale rekenaar. (2)

3.3 Beskryf TWEE kategorieë van sagteware. (4)

3.4 Noem SES gebruike van rekenaars in die megatroniese departement. (6)

3.5 Moderne rekenaars word reguleer deur hulle verrigtingspoed, verwerkingspoed en draagbaarheid.

3.5.1 Waarmee rekenaarverwerkingspoed gemeet word? (2)

3.5.2 Wat is 'n rekenaar se hardeskyf? (1)

3.6 Netwerke kan volgens 'n wye reeks kenmerke geklassifiseer word.

3.6.1 Wat is 'n *intranet*? (1)

3.6.2 Noem VIER sekuriteitsprotokols om kommunikasie tussen rekenaars op die netwerk te verseker. (4)

3.7 Gee DRIE voordele van rekenaarnetwerking. (3)

3.8 Beskryf TWEE maniere waarop virusbesmetting voorkom kan word. (2)

3.9 Beskryf TWEE tipes rekenaarvirusse. (2)

[32]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik TWEE soorte lêers waarmee jy op 'n rekenaar sal werk. (4)

4.2 Gee TWEE redes waarom sekuriteit op rekenaars belangrik is. (2)

4.3 Definieer die volgende terme:

4.3.1 Spermuur ('firewall')

4.3.2 Netwerkskakelaar

4.3.3 Volmagbediener ('proxy server')

(3 × 2) (6)

4.4 Noem VYF take wat uitgevoer word deur disketskoonmaak op 'n rekenaar. (5)

4.5 Wat word bedoel met die *formattering van 'n disket*? (1)

Kopiereg voorbehou

4.6 Skyfaandrywers ('Disk drivers') is die koppelvlak tussen jou en data.

Noem TWEE probleme wat met die skyfaandrywer verband hou. (2)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER algemene foute wat sal veroorsaak dat 'n drukker nie werk nie. (4)

5.2 Noem TWEE basiese elemente van dokumentopstelling in verhouding tot die bladsyparameters van 'n dokument. (2)

5.3 Wat is die kortpadsleutel om 'n nuwe dokument in Microsoft Word te skep? (1)

5.4 Maak 'n lys van VIER soorte dokumente wat jy met Microsoft Word kan skep. (4)

5.5 Beskryf die proses om teks in 'n Word-dokument te skuif. (3)

5.6 Verduidelik die volgende met betrekking tot 'n spreiblad ('spreadsheet'):

5.6.1 Wat is 'n *werkboek*?

5.6.2 Wat is 'n *sel*?

5.6.3 Wat is die funksie van absolute selverwysing wat in formules gebruik word?

(3 × 1) (3)
[17]

VRAAG 6

6.1 Noem die verskil tussen 'n *soekenjin* en 'n *webleser*. (2)

6.2 Noem DRIE soorte webtuistes. (3)

6.3 Noem TWEE basiese e-posfunksies. (2)

6.4 Skryf die volgende afkortings uit:

6.4.1 3G

6.4.2 IP

(2 × 1) (2)

6.5 Wat is *Microsoft PowerPoint*? (1)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou